



Geopende Deure

Diens aan vervolgte **Christene** wêreldwyd

FRONTLINIE GELOOF



Gee hoop om
vervolgte Christene
te herinner dat
hulle nooit alleen
is nie >>>

Nooit alleen-veldtog

Staan saam met Vervolgde Christene in die Grootste Gevaar

**JANUARIE
2020**

Jy bewys aan dié Siriese ma en haar seun dat jy omgee! p. 2 | "Julle het my vasgehou in my hartseer" p. 3 | Wêreldwaarnemingslys: Afganistan, p. 4 | "God het ons verhef!" p. 5 | Vind uit wat vroue in China onthul het, p. 6 | Reis saam met ons op 'n geheime sending! p. 7-10
Die nuwe Wêreldwaarnemingslys is op pad, p. 11

Jy bewys aan dié Siriese ma en haar seun dat jy omgee!

h Foto in Jina se leefarea beeld een van die gelukkigste dae van haar lewe uit, haar en Rober se troudag. Hulle was veronderstel om saam oud te word, maar al wat Jina nou oor het, is herinneringe van haar en Rober se lewe saam voordat dit alles van hulle af weggeskeur is.

Jina en Rober is in 2011 getroud en in 2012 het hulle hul seun, Apo, verwelkom. *"Ons was baie gelukkig met ons seun, Apo; ons het gedroom oor sy toekoms," vertel Jina. "My man en ek het net sy eerste verjaarsdag saam gevier in 2013; daarna is Rober ontvoer."*

Apo se pa, wat h groot bedrag geld by hom gehad het, is ontvoer terwyl hy per bus op reis was na Qamishli. Maar die rede vir sy ontvoering was nie die geld nie – dit was sy Christelike geloof. *"Toe ek gehoor het dat my man ontvoer is, het ek baie gely; my skoonmense het ook gely."*

h Ander Christenman, Elie, wat saam met Rober ontvoer is, is vrygelaat nadat sy familie h groot losprys betaal het. Hy het Jina vertel dat *"hulle vir Rober beveel om tot Islam te bekeer. Maar Rober het geweier en gesê, 'Ek het my God en dit is vir Hom wat ek staan.'"*

Dis h moeilike pad vir Jina en sy sê, *"Dis so moeilik om alleen te wees. Dis moeilik om ons*

seun alleen groot te maak. Mense sê vir my dat ek moet probeer om werk te kry, maar waar kan ek my seun los?"

Hoe oorleef Jina as h enkelma in oorloggeteisterde Sirië, sonder om te weet of haar man lewe of nie?

"My geloof in God is baie groot. Ek sê vir Hom, 'O Here, soos U wil, mag U wil geskied. O Here, ek vra net dat U my man veilig terug sal besorg.'"

Maar te danke aan ruimhartige vriende soos jy wat uitreik na hulle deur Geopende Deure, weet Jina en Apo dat hulle nooit alleen is nie. Jy help om die sorg en ondersteuning te voorsien wat hulle benodig om te oorleef deur die Sentrum van Hoop.

Beide Jina en Apo is so dankbaar vir vriende soos jy wat help om die troos en ondersteuning te voorsien wat hulle nodig het om te oorleef deur die bedieningswerk van hulle plaaslike Geopende Deure Sentrum van Hoop. Hier ontvang hulle fisiese, psigologiese en geestelike ondersteuning aan plaaslike en ontwortelde mense.

Dankie dat jy mense soos Jina en Apo herinner dat hulle nooit alleen is nie! 

Nooit alleen -veldtog 

Staan saam met Vervolgde Christene in die Grootste Gevaar





“Julle het my vasgehou in my hartseer”

Jou ondersteuning help Moslemvroue soos Amina om sterk te bly

Amina* (nou 48), van die Oos-Afrika eilande, was 'n skoolmeisie toe sy die eerste keer van Christus gehoor het. En soos sy ouer geword het, het sy al hoe meer besef dat Islam nie haar diepste geestelike vrae kon beantwoord nie.

Terwyl sy op reis oorsee was, het haar toergroep 'n kerk besoek. 'n Mede-Moslem het haar gewaarsku om dit nie te betree nie anders sou sy hel toe gaan. Maar sy het besluit om die kans te waag. Binne het sy gevra, “God, as U hier is, wys Uself aan my.”

Daardie aand het sy 'n stem hoor sê, “Moenie hartseer wees nie; jy het nie die verkeerde pad gekies nie.”

Amina het haar lewe oorgegee aan Christus, en toe sy haar bekering bekendmaak, het die moeilikheid begin.

Toe Amina 'n diens vir haar oorlede moeder gereël het, het haar pa haar verwerp, “hy het vir my gesê dat ek nie meer sy dogter is nie. Hy het klippe na my gegooi en wrede dinge gesê.”

Dit was moeilik, maar Amina sê, “Ek het nie die geloof versaak nie... Ek móés my familieleden van Jesus vertel en hulle aanmoedig om in Hom te glo.”

Jou ondersteuning help om dit moontlik te maak vir Amina om in haar Moslemland te bly en die Evangelie met ander te deel: “Ek wou weghardloop oor die vervolging en my familie agterlaat. Sonder julle ondersteuning sou ek nie meer hier gewees het nie.”

Sy is dankbaar vir jou en haar Geopende Deure-familie “vir alles wat julle gedoen het om my te troos. Julle het my vasgehou in my hartseer en bemoedig dat ek verras sal word deur die planne wat God vir my het. Julle woorde het my vertrous en versterk.”

Dankie dat jy vroue soos Amina help om te weet dat hulle nooit alleen is nie!

AFGANISTAN

RANG #2 | WWL PUNTE 93


Streek Suid-Asië

2020 Rang #2 uit 50

Meerderheidsgeloof Islam
(minder as 1% is Christene)

Regering Presidensiële
Islamitiese Republiek

Bron van Vervolging
Islamitiese onderdrukking

Afgaanse gelowiges moet hul geloof streng geheim hou. Afganistan is 'n volkstem en lojaliteit aan jou familie, familiegroep en volkstem is belangrik. Om Islam te verlaat word gesien as 'n versaking van die familie en gemeenskap. Geheime gelowiges wat ontdek word mag na 'n sielsiekehuis gestuur word: hul families glo dat geen verstandige persoon Islam sal verlaat nie. Hulle kan ook geslaan of selfs vermoor word deur familieleden of ekstremiste soos die Taliban.

Siende dat vroue op die laagste rang van die gemeenskapsleer is, is hulle vatbaar vir selfs meer teistering indien hul tot Christenskap bekeer. Hulle kan as slawe of prostitute verkoop word, gedwing word om met veel ouer mans te trou, beroof word van kos, water en gesondheidsorg, in kamers opgesluit word, erg geslaan word of selfs gebrand of seksueel mishandel word.

As 'n betroubare gebedsvennoot, vra ons vir jou gebede vir:

- + Christenouers wat dikwels hul geloof wegsteek vir hul kinders uit vrees dat hulle ontdek sal word – bid dat hulle maniere sal vind om die Evangelie met hulle te deel.
- + Die beskerming van Christene in Afganistan, veral Christenvroue wat verdere druk en teistering ervaar indien hul geloof ontdek word.
- + Wysheid vir diegene wat werk om geheime Afgaanse gelowiges te ondersteun.



WÊRELDWAARNEMINGSLSY

www.opendoors.org.za/afr/wwl

“God het ons verhef!”

Saba se kafeteria help haar familie oorleef, te danke aan jou!

Al die Christene in Saba* se dorpie in Indië ervaar diskriminasie oor hul geloof. Daarom, toe Saba 'n padstal-kafeteria begin het nadat haar man oorlede is en sy na hul drie kinders moes omsien, sê sy die “mense van ons gemeenskap het ons uitgelag; ons was so arm en die besigheid het ons skaars gehelp om 'n basiese bestaan te voer.”

Maar “nou, deur God se genade, het ons 'n behoorlike plek om kos te verkoop en is ons in staat om 'n wins te maak. God het ons verhef!”

Die kafeteria wat sy begin het help ook ander vroue – insluitend drie weduwees en 'n vrou wie se man haar gelos het omdat sy in Christen geword het.

Die gebede en geskenke van gelowiges soos jy het hierdie vroue gehelp om die kafeteria op te knap, kombuisgereedskap te koop en die huur te betaal sodat hulle hul families kan ondersteun.

“Ek is verstom dat ons in staat is om nou soveel meer vir ons families te verdien as gevolg van die kombuisgereedskap wat julle span gegee het. Dankie... dit is 'n groot seën vir ons.

“Toe julle organisasie gehelp het, het ons winste gegroei. Nou kan ons geld spaar en omsien na ons families se behoeftes.”

Dankie dat jy hierdie vervolgte groep vroue help om 'n bestaan te voer. Jou ondersteuning is 'n weerspieëling van Christus se liefde vir diegene in nood.

*Naam verander vir sekuriteitsredes.



Vind uit wat vroue in China onthul het – en gaan op 'n geheime sending!

Jana, 'n Geopende Deure-ondersteuner, vertel:

“Verlede jaar het ek 'n bemoedigingsreis saam met Geopende Deure Suider-Afrika na China onderneem. Die Chinese mense was vriendelik – en altyd besig op hul slimfone.

“Dit was duidelik dat almal op een of ander (wettige) sosiale media-‘app’ was. Almal vasgevang in hul toestelle – besig om te epos, te tik, iets op te soek, te kyk en te koop. Navorsing toon dat sosiale media-gebruik kan lei tot eensaamheid, jaloesie, angs, depressie en 'n gebrek aan sosiale vaardighede.

“Nadat ons saam met die Chinese Christenvroue tyd deurgebring het, het baie van hulle erken dat hulle onwaardig voel, nie mooi genoeg nie, onseker van wie hulle behoort te wees. Al is ons lande baie ver van mekaar af, was dit maklik om aanklank te vind by hul vrese en onsekerhede.

“Ek hoop julle sal by my aansluit in gebed vir hierdie Chinese vroue en alle jong Christenvroue wat probeer om hul weg te vind in die wêreld. Bid dat hulle altyd na hul identiteit in die Here sal soek en dat hulle nooit sal vergeet op watse “wonderbaarlike wyse [hulle] geskep [is nie]. (Psalm 139:14).”

Reis saam met ons!

Kom saam met ons op 'n geheime sending na die vervolgte Kerk.
Sien jou ingeslote reisbrosjyre vir reisgeleenthede hierdie jaar!



Toeriste / op 'n Geheime Sending

“Probeer so gou moontlik na my toe kom”
2 Timoteus 4:9



Is jy gereed vir n ervaring wat jou lewe gaan verander? >>

REIS saam met Geopende Deure in 2020

Is jy avontuurlustig? Wanneer jy die stories van ons vervolgte broers en susters in geslote lande lees, wil jy graag hul hande vashou, hulle bemoedig, hulle in persoon ontmoet? Wil jy 'n verskil in hul lewens maak?

Jy kan 'n toeris op 'n geheime sending word!

Kom saam met ons op 'n reis om ons vervolgte familie te besoek, vir hulle te bid, by hulle te leer, te vertroos en broodnodige hulpbronne af te lewer. Jou teenwoordigheid sal 'n massiewe verskil in hul lewens maak.

Maak reg vir 'n lewensveranderende ervaring waartydens jy nie net sal help om die geloof van ons broers en susters in hierdie lande te versterk nie, maar ook jou eie geloof, namate jy ons familie ontmoet, hul stories eerstehands hoor en sien hoe God aan die werk is te midde van die duisternis.

Of jy nou op 'n gebeds-, bemoedigings- of afleweringsreis gaan – jy sal veranderd terugkeer.

Is jy gereed? Kyk waar heen jy kan gaan om 'n verskil te maak>>



BASISREISE 2020*



'n Basisreis word gelei deur werkers van Geopende Deure Suider-Afrika. Jy sal saam met 'n Suid-Afrikaanse span reis na die bestemmingsland.

Suidoos-Asië MAART (Gebeds-en Bemoedigingsreis)

Die vervolging in hierdie land het aansienlik verskerp oor die afgelope paar jare namate die situasie vir Christene bly versleg. Dié land het jou gebede nodig! Op hierdie reis mag jy die geleentheid hê om vervolgte gelowiges te ontmoet en te bemoedig. Jy sal na strategiese gebiede in die land geneem word waar jy sal deelneem in gebed.



Viëtnam JUNIE (Gebeds-en Bemoedigingsreis)

Hierdie reis sal jou die geleentheid bied om kerkleiers te ontmoet, kerkdienste by te woon en eerstehands te sien hoe die Kerk in Viëtnam vervolging hanteer. Jy sal projekte van Geopende Deure besoek, en vir diegene wat die Kerk in Viëtnam dien, bid en hulle bemoedig.



Kuba JULIE (Aflerwingsreis)

Die Kerk in Kuba het Bybels en ander hulpbronne nodig. Op hierdie reis sal daar van jou verwag word om broodnodige hulpbronne na die land te neem.

Colombië SEPTEMBER (Gebeds-en Bemoedigingsreis)

Op hierdie reis sal jy interaksie geniet met jong gelowiges en hulle leer oor die waarde van gebed. Jy sal by 'n skuilhuis bly wat begin is vir kinders wat die slagoffers van vervolging is en wie se familieleden gedreig, vermoor of uit hul dorpie gegooi is weens hul geloof in Christus.



Midde-Ooste NOVEMBER (Bemoedigingsreis)

Dié reis sal jou die geleentheid bied om projekte en programme te besoek wat daarop gefokus is om Christengemeenskappe te herbou wat deur die Islamitiese Staat vernietig is. Jy sal saam met diegene wat terugkeer na hierdie land om hul lewens te herbou bid en hulle bemoedig. Jy sal ook die geleentheid hê om te leer en te verstaan watter faktore bydra tot vervolging in die land.

*Let asseblief daarop dat presiese datums en kostes beskikbaar is op aanvraag. Vir sekuriteitsredes publiseer ons dit nie hier nie.

INTERNASIONALE REISE 2020*



Jy kan ook by ons internasionale reise aansluit, waar jy saam met Christene van oral in die wêreld sal reis na die bestemmingsland. Hierdie reise word gelei deur Geopende Deure-werkers van ander lande.

Israel (Bemoediging)

Die hoofdoel van die reis is om bewustheid te skep oor die situasie van Christene in spesifieke gebiede in die land. Die program sal ontmoetings met die plaaslike Liggaam insluit om hulle te bemoedig, asook as besoeke aan projekte, gebedsgeleenthede en die kans om Bybelse besigtigingstoere te onderneem.



Bangladesj (Bemoediging)

Die hoofdoel van hierdie reis is om te bid, en om gelowiges te bemoedig wat uit ander geloofsagtergronde bekeer het tot Christus. Jy sal die kans hê om die bronne van vervolging in die land beter te verstaan en die geleentheid hê om projekte te besoek wat deur Geopende Deure ondersteun word.



Noord-Asië (Gebed)

Gaan op 'n gebedsreis na een van die mees vervolgte lande in die wêreld. Hierdie reis sal jou toelaat om te bid vir talle broers en susters wat geïsoleerd en bang is om hul geloof uit te leef. Geopende Deure bied tot vier vertrekdatums per jaar.

Let daarop: Land sal by navraag bekend gemaak word

China (Gebeds-en Bemoedigingsreis)

China se kerke leef 'n gevaarlike lewe tussen hul geloof en hul getrouheid aan hul land. Bid vir, en bemoedig diegene wat hierdie onsekerheid elke dag trotseer. Wees ook beter ingelig oor die tipe vervolging wat ons broers en susters in dié land ervaar.



Colombië Gradeplegtigheid (Bemoediging – jeug)

Ontmoet jong gelowiges wat die geleentheid gehad het om onderrig en sorg te ontvang in 'n skuilhuis. Woon ook hul vreugdevolle gradeplegtigheid by. Bid vir, en bemoedig hul families wat van oral oor reis vir dié geleentheid. Baie van die families is pastore se families wat vervolging ervaar oor hul werk onder inheemse stamme en die guerrilla-groepe wat in die buitelandse distrikte van Colombië werksaam is.

*Let asseblief daarop dat presiese datums en kostes beskikbaar is op aanvraag.
Vir sekuriteitsredes publiseer ons dit nie hier nie.

DIE NUWE WÊRELDWAARNEMINGSLYS IS OP PAD

Elke Januarie stel Geopende Deure die jaarlikse Wêreldwaarnemingslys vry, wat die top 50 lande lys waar Christene die ergste vervolging ervaar vir die geloof.

Die Geopende Deure Wêreldwaarnemingslys is:

- **UNIEK.**


Dit maak gebruik van data van kenners op grondvlak. Geen ander lys dek soveel lande in die wêreld so deeglik nie.

- **OMVATTEND.**

Die lys meet die vlakke van geweld en hoeveel vryheid Christene het, in hul privaat-, familie-, gemeenskap-, nasionale- en kerklewe.

- **BETROUBAAR.**

Die lys het 'n rekord van geloofwaardige, betroubare inligting. Dit word onafhanklik geoudit deur die Internasionale Instituut vir Godsdiensvryheid.



Hoekom is die Wêreldwaarnemingslys belangrik:

Miljoene Christene word wêreldwyd vervolgd vir hul geloof. Hulle veg 'n daaglikse stryd teen knellende wette, uiterste vervolging of verwerping deur familie en die samelewing. Sommige is in die tronk of arbeidskampe. Baie hou hul geloof 'n geheim. Almal van hulle betaal 'n prys om Jesus te volg.

Hoe sal die Wêreldwaarnemingslys jou gebede bemagtig en jou bemoedig:

- **Dit wys jou dat die Kerk lewendig en aktief is.**

Vervolging vind plaas waar die Kerk aktief besig is om die Evangelie te verkondig en uit te leef. Dus is dié nie net plekke van vrees nie; dit is vuuroonde van geloof.

- **Dit inspireer jou tot aksie.**

Die lys inspireer ons om ons vervolgte broers en susters se geloof aan te vuur deur te bid, te gee en voorspraak te maak namens hulle.

- **Dit voorkom dat jy jou vryheid as vanselfsprekend aanvaar.**

Die lys herinner ons om nie oorgerus te wees met ons vryheid nie, maar om ons geloof met moed te deel, net soos ons vervolgte familie wat alles op die spel plaas vir die geloof.

Besoek www.opendoors.org.za/afr/wwl op 15 Januarie om die 2020 Wêreldwaarnemingslys te besigtig.

VANUIT JAN SE PERSPEKTIEF

Beste Vennoot van die vervolgte Kerk,

h Nuwe jaar is hier, die jaar 2020. Sommige noem dit die jaar van 2020-visie. Interessant genoeg, oogspesialiste sê dat 20/20-visie eintlik beteken dat jy kan sien wat die gemiddelde persoon kan sien – dit is nie perfekte visie nie.

Gepraat van visie, wat sien ons wanneer ons kyk na die jaar wat voorlê vir vervolgte Christene – en veral die Christenvroue wat in hierdie nuusbrief gevier word?

Ek voorsien dat in lande waar ons werk, vroue steeds kwesbaar sal wees en verwerp, ontvoer, verkrag en vermoor sal word. Maar ten spyte daarvan, sal hulle steeds die Evangelie deel met hul families, hul pastore beskerm en die versorgers van die toekomstige generasie wees. Hulle sal veerkragtig wees te midde van wrede omstandighede.

Nou, in hierdie finale maand van ons drie-maand *Nooit Alleen*-veldtog, fokus ons op dié kosbare vroue wat in die spervuur is omdat hulle Jesus volg. Namate jy in hierdie blaaie h blik kry op hul moed en braafheid, en hoe jou ondersteuning hulle help, is ek seker dat jy trots sal wees om hulle jou

moeders, susters en dogters in die Liggaam van Christus te noem.

Matthéüs 13:16 sê, “Maar julle oë is gelukkig, omdat hulle sien”. Terwyl jy hulle stories lees, mag jy tot die daad oorgaan om vir hulle te bid en ons vervolgte familie te ondersteun.

Ek bid dat jy ontroer sal word in hierdie finale maand om die R10,872,000-doelwit vir die *Nooit Alleen*-veldtog te help bereik. Bid asseblief om te sien hoe God jou vandag mag lei om jou familie in Christus te ondersteun.

In hierdie nuwe jaar bid ek dat ons Heer jou paaie sal gelyk maak en jou sterk en volmoed sal maak vir die pad vorentoe. Mag Sy liefde, genade en geskenke vrylik deur jou vloei namate jy Hom in hierdie jaar dien.

Saam in Sy diens,



Jan Gouws
Uitvoerende Direkteur
Geopende Deure Suider-Afrika



Posbus 1771, Cresta, 2118

T +27 11 888 9341

F +27 11 888 9362

E southafrica@od.org

I www.opendoors.org.za



Open Doors South Africa

Bankbesonderhede: Suid-Afrika, **Geopende Deure - Open Doors, ABSA - Northcliff (632005), Rekeningnr. 160340568**
Geopende Deure - Open Doors, Nedbank Besigheidsrekening (198765), Rekeningnr. 113 750 4552

Bankbesonderhede: Namibië, **Open Doors Namibia, Nedbank - Windhoek (461609), Rekeningnr. 1-2000-23847-1**

(Faks asseblief die bewys van betaling na: +27 11 888 9362)

Saamgestel deur Geopende Deure Suider-Afrika.

Inligting korrek by ter perse gaan. Geen reproduksie sonder toestemming nie. Kontak Milandré by milandreh@od.org

REG # 2004/023397/08 | Drukwerk deur Resolution Litho